## TER INLEIDING

Op 21 en 22 Junie 1960 het die Predikantevergadering van die *Nederduitsch Hervormde Kerk* in 'n spesiale vergadering byeengekom. Die doel van hierdie vergadering was om 'n voorlopige, onderlinge bespreking te hou oor dié punte wat vir diskussie op 'n vergadering van die Suid-Afrikaanse lede-kerke van die *Wêreldraad van Kerke* in Desember 1960 te Johannesburg, te berde gebring sou word. Dr. Bilheimer, die afgevaardigde van die *Wêreldraad van Kerke* wat Suid-Afrika aan die begin van hierdie jaar besoek het, het in 'n skrywe aan die Suid-Afrikaanse lede-kerke van die *Wêreldraad van Kerke* vyf diskussiepunte vir die voorgestelde samespreking aan die hand gedoen. Na aanleiding van dié genoemde diskussiepunte is verskillende referate en inleidende lesings voor die Predikantevergadering gehou.

Die eerste diskussiepunt wat aan die hand gedoen is, is die feite van die huidige situasie in Suid-Afrika ten opsigte van die verhouding Blank: nie-Blank in die Unie. Hier is die versoek verder gewees dat die basiese patroon waarop die verhoudinge geskoei is, deurdink moet word. Die referate van *Prof. Dr. P. J. Coertze* en *Mnr. R. D. Coertze*, beide van die Departement Volkekunde van die Universiteit van Pretoria is hier ter sake.

Die tweede punt wat aan die hand gedoen is, was dat die diskussie sal gaan oor die optrede van die lede-kerke van die *Wêreldraad van Kerke* om in die situasie in Suid-Afrika te verseker dat geregtigheid en vrede in die Unie sal heers. Hier het die referaat van *Ds. C. L. van der Berg*, predikant te Pretoria, die besprekings op die Predikantevergadering ingelei.

Die derde punt gaan oor die betekenis wat die Evangelie vir die verhoudings tussen die verskillende volke in Suid-Afrika het of moet hê. Hier is verwys na die Evanston besluit wat stel dat die *Wêreldraad van Kerke* al sy lede-kerke aanspoor om segregasie of diskriminasie (wat vir die Wêreldraad skynbaar dieselfde beteken) teen te gaan. Op hierdie punt het *Prof. Dr. H. P. Wolmarans* tans predikant te Johannesburg, ingegaan en artikel III van die Kerkwet van ons *Nederduitsch Hervormde Kerk* ontleed. Verder is die inleiding van *Ds. J. P. Oberholzer*, predikant te Rustenburg, hier ook ter sake.

As vierde en vyfde punt is genoem die verstaan deur die Kerke nie net van die noodtoestand wat in die Unie geproklameer is en wat daaraan voorafgegaan het nie, maar ook van die veranderende situasie in Afrika. Hier het die inleidings van *Ds. A. J. G. Oosthuizen*, predikant te Pretoria

en voorsitter van die H.E. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en *Ds. C. J. Mans*, predikant te Rustenburg, die diskussie op gang gebring.

Hierdie referate en inleidings wat voor die Predikantevergadering gedien het, word nou hiermee aan die gereëlde lesers van die *Hervormde Teologiese Studies* beskikbaar gestel. Dit spreek natuurlik vanself dat hierdie referate en inleidings nié die konklusies is waartoe op die Predikantvergadering gekom is nie. Ook bevat hierdie stukke nié die standpunt wat die *Nederduitsch Hervormde Kerk* op die voorgestelde interkerklike samesprekings in Desember 1960 sal inneem nie.

Tog word vertrou dat die publikasie van hierdie referate en inleidings wat vir die Kerk ongetwyfeld van belang was om tot helderheid oor hierdie aangeleentheid te kom, die, belangstelling van die gereëlde lesers van die *Studies* sal mag geniet.

A. D. PONT,
*Voorsitter*: 1960 *Predikantevergadering*.

PRETORIA,
5 Oktober 1960.